

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Appèl Nr. 466/2002

In die appèl tussen:

GODFREY SESIHE

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: **LOMBARD R *et* VAN ZYL Wnd.R.**

AANGEHOOR OP: **17 MEI 2004**

UITSPRAAK DEUR: **LOMBARD R**

GELEWER OP: **20 MEI 2004**

Die appellant het as beskuldigde 2 saam met beskuldigde 1 in die Landdroshof op 'n klagte van huisbraak met die opset om te steel en diefstal tereggestaan. Desondanks sy pleit van onskuldig, is hy egter skuldig bevind soos aangekla – beskuldigde 1 is vrygespreek. Nadat appellant sy vorige veroordelings erken het, het die verhoorlanddros hom ingevolge die bepaling van artikel 116(1)(b) van die Strafproseswet na die Streekhof vir vonnisoplegging verwys.

Aangesien die Streeklanddros *ex facie* die oorkonde nie in staat was om die skuldigbevinding behoorlik te oorweeg nie is die verhoorhof se redes, met verwysing na spesifieke aspekte, versoek. Die verhoorlanddros het daarna volledige redes verskaf (Bewysstuk “B” p.31-40).

Na oorweging van die verhoorlanddros se redes het die Streeklanddros die appellant tot sewe jaar gevangenisstraf gevonnissen. Hy het ‘n kennisgewing van appèl persoonlik geliasseer waarin hy slegs teen die skuldigbevinding in hoër beroep kom.

Mnr. Merabe, wie namens die appellant in opdrag van die Regshulpraad opgetree het, het in sy betoogshoofde die skuldigbevinding op verskeie gronde aangeveg, maar het tydens argument toegegee dat hy nie daarmee met enige oortuiging en/of verantwoordelikheid kan volhard nie – ‘n toegewing en benadering waarmee akkoord gegaan word.

Vanweë bogemelde toegewing is ek nie van voornemens om die getuienis hierin te herhaal nie – die verhoorhof het dit baie volledig en korrek opgesom. Daar word slegs met die volgende volstaan.

Dit is gemeensaak dat:

- (i) Gedurende die aand/nag van 19 November 2001 by die winkel,

Sentrale Handelaar, te Dealesville ingebreek en goedere ter waarde

van ongeveer R4 162,00 gesteel was (Aanhangsel “A” tot die klagstaat – onder die goedere was sigarette en tabak);

- (ii) Appellant die volgende oggend tabak aan ene Motsumi verkoop het;
- (iii) Inspekeur Merahe die volgende oggend 2 stelle voetspore in die onmiddellike omgewing van die venster, waar ingebreek was, opgemerk het – hierdie spore het in die rigting van die venster en weer terug tot by die pad beweeg – die grond was nat;
- (iv) Met sy besoek aan appellant se woning die volgende oggend het hy (Merahe) ‘n paar wit en swart tekkies, met modder aan, daar aangetref – die spore het ooreengestem met dié op die toneel – hy het daarop beslag gelê en toe hy daarmee op die toneel van die inbraak aankom het die Hondemeester alreeds die gipsafdrukke van die spore wat daar was, geneem.
- (v) Inspekteur Fourie is verbonde aan die Hondemeester-eenheid in Bloemfontein en ‘n deskundige ten aansien van die lig van spore. Hy het die toneel op 20 November 2002 besoek op welke stadium

voetspore aan hom uitgewys was – hy het dit vanaf die winkel in die rigting waarvandaan dit gekom het gevolg en ‘n geskikte voetspoor geïdentifiseer en met behulp van gips gelig – die gipsgietsel is as Bewysstuk 1 ingehandig. Op 23 Januarie 2003, d.w.s. ongeveer twee maande later is dieselfde gipsgietsel of gipsafdruk en skoene aan hom deur die polisie oorhandig om te vergelyk. Hy was van oordeel dat die linkerskoen (tekkie) met die gipsafdruk wat hy op 20 November 2002 gelig het ooreenstem – die linkerskoen is as Bewysstuk 2 ingehandig. Fotografiese afdrucke van die gipsafdruk en skoen, Bewysstuk 2, is laat maak om met mekaar te vergelyk – daar was drie punte van ooreenstemming vasgestel te wete die afloop van die knoppies op die voorste gedeelte van die skoen. Sodanige punte beskou hy as uitstaande kenmerke aangesien slegs een uitstaande kenmerk “voldoende is om die identifikasie sonder twyfel te bewys” was hy van oordeel dat die skoen, Bewysstuk 2, die spoor gemaak het soos per Bewysstuk 1 (die gipsafdruk).

- (vi) Alhoewel die appellant toegegee het dat Bewysstuk 2 sy skoen is, kon hy nie verduidelik hoe daardie spore op die toneel die volgende oggend aangetref was nie, behalwe om te volhard dat

“die ondersoekbeampte vat my skoene en maak spore by die plek waar dit gebreek was”. ‘n Verduideliking wat klaarblyklik vals was.

Dit is gemeensaak dat die verhoorhof op slegs omstandigheidsgetuienis aangewese was en die beginsels wat by die oorweging van sodanige getuienis geld, is onlangs weer deur Eksteen AR in **S v NTSELE 1998**

(2) SASV 178 (HHA) op 182d-h as volg uiteengesit:

“Ons reg vereis insgelyks nie dat ‘n hof slegs op absolute sekerheid sal handel nie, maar wel op geregverdigde en redelike oortuigings – niks meer en niks minder nie (*S v Reddy and Others* 1996 (2) SASV 1 (a) op 9d-e). Voorts, wanneer ‘n hof met omstandigheidsgetuienis werk, soos in die onderhawige geval, moet die hof nie elke brokkie getuienis afsonderlik betrag om te besluit hoeveel gewig daaraan geheg moet word nie. Dit is die kumulatiewe indruk wat al die brokkies tesame het wat oorweeg moet word om te besluit of die aangeklaagde se skuld bo redelike twyfel bewys is (*R v De Villiers* 1944 AD 493 op 508-9). Dit is inderdaad wat die Verhoorhof in hierdie geval gedoen het. Die Hof was terdeë bewus van die gevare wat aan die uitkenning van die appellant inherent was en dat hierdie getuienis, alleenstaande, miskien nie genoeg sou wees om hom skuldig te bevind nie. Maar waar dit gesien word saam met die appellant se vingerafdruk op die rowers se motor wat daardie

middag op die toneel van die roof was, en waarmee die rowers gevlug het, asook die onbevredigende en leuenagtige getuienis van die appellant, rus die afleiding van skuld so swaar soos 'n meulsteen op die appellant. Dit was die gevolgtrekking waartoe die Verhoorhof gekom het. Dit is 'n feitebevinding waartoe die Hof gekom het. Geen mistasting kan aangewys word by die Hof se redenasie om tot hierdie bevinding te kom nie. Dit kan myns insiens nie gesê word dat 'n redelike hof nie tot so 'n bevinding kon gekom het nie of dat dit klaarblyklik verkeerd is nie. Gevolglik is hierdie Hof van Appèl nie geregtig om daarmee in te meng nie. (*R v Dhlumayo* 1948 (2) SA 677 (A) op 695-9, *S v Hadebe and Others* 1997 (2) SASV 641 (A) op 645e-f)."

In die onderhawige geval het mnr. Merabe toegegee dat daar geen mistasting in die verhoorhof se redenasie om tot sy bevinding te raak, aangetoon is nie. Hierdie Hof is gevolglik nie geregtig om daarmee in te meng nie.

Daar is geen appèl teen die vonnis nie.

Die appèl teen die skuldigbevinding word gevolglik van die hand gewys. Die skuldigbevinding en vonnis word bekragtig.

D.J. LOMBARD, R

EK STEM SAAM

C. VAN ZYL, Wnd.R.

Namens Appellant:

Adv. M.J. Merabe
i.o.v.
Regshulpraad

Namens Respondent:

Adv. D.W. Bontes
i.o.v.
Direkteur: Openbare Vervolgings

/scd